Voor – links na regs: E J van der Merwe (Ekonomie), B P Groenewald (Senior Visepresident), C L Stals (President), C J de Swardt (Visepresident), J H Meijer (Visepresident)
Afwesig: J H van Greuning (Banktoesighouding) en E J Pike (Administrasie)

DIREKTEURE EN BESTUUR

Direkteure

Christian Lodewyk Stals

President

Barend Petrus Groenewald*

Senior Vicepresident

Christiaan Jacobus de Swardt

Jacob Hendrik Meijer

Vicepresidente

Izak Johannes Moolman*

(termyn het op 30 Junie verstryk)

Otty Ezrom Howard Manlakayise

Nxumalo *(termyn het op 30 November 1993 verstryk)*

Brian Patrick Gilbertson

Verteenwoordig: Regering

Gerald William Gaylard Browne*

Christoffel Hendrik Wiese

(bedank m.i.v. 18 April 1994)

Johannes Gerhardus van der Horst

(termyn het op 30 Junie 1994 verstryk)

Izak Johannes Moolman*

(aangestel m.i.v. 1 Julie 1994)

Deenadayalen Konart

Verteenwoordig: Handel of finansiewese

Johannes Jacobus Fourie

Verteenwoordig: Landbou

William Francois de la Harpe Beck

(termyn het op 30 Junie 1994 verstryk)

Marius Theodorus de Waal

Verteenwoordig: Nywerheid

R M du Plooy

Sekretaris

Geregistreeerde kantoor

Kerkstraat 370

Pretoria

† Voorsitter van die Ouditkomitee

* Lede van die Ouditkomitee

Bestuur

President

C L Stals

Senior Vicepresident:

Administrasie en deviesebeheer

B P Groenewald

Vicepresident: Internasionale bankwese,
geld- en kapitaalmarkbedrywighede
en banktoesighouding

C J de Swardt

Vicepresident: Buitelandse funksies
en ekonomiese dienste

J H Meijer

Hoof: Ekonomie

E J van der Merwe

Hoofbestuurder: Internasionale
bankwese

J H Cross

Hoofbestuurder: Banktoesighouding

J H van Greuning

Hoofbestuurder: Deviesebeheer

J H Postmus

Hoofbestuurder: Geld- en
kapitaalmark

A D Kock

Hoofbestuurder: Bestuurs-
dienste

C J Swanepoel

Hoofbestuurder: Administrasie

E J Pike

Adjunkhoofbestuurder: Inligtings-
tegnologie

P J Tromp

Hoof Interne Ouditeur: Interne audit

A Bezuidenhout

Ander

Direkteur: Opleidingsinstituut

R M Gidlow

Adviseur

D C Krogh

Takbestuurders

Pretoria

C N van der Merwe

Pretoria-Noord

A H Prinsloo

Kaapstad

M L Ochse

Johannesburg

M W K Smith

Durban

A C Botha

Bloemfontein

J C J Ludick

Port Elizabeth

C J Blignaut

Oos-Londen

A G Dent

ORGANISASIESTRUKTUUR


FUNKSIES
Bepaal en voer monetêre beleid uit
Ontleed ekonomie
Formuleer beleid
Voer beleid uit
Skakel met owerheid
Bestuur geld- en bankstelsel
Ontwikkel finansiële stelsel
Tree op as bankier
Voorsien note en munte
Hou toesig oor banke en bouverenigings
Lewer dienste aan owerheid
Verleen deskundige hulp
Verleen administratiewe ondersteuning
Lewer bankdienste
Lewer ekonomiese en statistiese dienste
Stel statistiek saam
Doen navorsing
Lewer ekonomiese inligtingdiens
Lewer statistiese diens
Korporatiewe dienste



President
Dr C L Stals




Visepresident
Dr C J de Swardt




Senior Visepresident
Dr B P Groenewald




Visepresident
Dr J H Meijer




Internasionale bankwese
Hoofbestuurder
J H Cross




Geld- en kapitaalmark
Hoofbestuurder
Dr A D Kock



Banktoesighouding
Hoofbestuurder
Dr J H van Greuning




Deviesebeheer
Hoofbestuurder
J H Postmus




Bestuursdienste
Hoofbestuurder
Dr C J Swanepoel




Administrasie
Hoofbestuurder
E J Pike




Inligtingstechnologie
Adjunkhoofbestuurder
Dr P J Tromp




SA Banknootmaatskappy
Besturende Direkteur
M Fouché



SA Muntmaatskappy
Besturende Direkteur
D D Powell



Interne Oudit
Hoof Interne Ouditeur
A Bezuidenhout



Ekonomie
Hoof
Dr E J van der Merwe

VIER-EN-SEWENTIGSTE GEWONE ALGEMENE VERGADERING VAN AANDEELHOERS

NOTULE VAN VERRIGTINGE

Die vier-en-sewentigste gewone algemene vergadering van aandeelhouders is op Dinsdag, 23 Augustus 1994 om 10:30 in die Bank se hoofkantoor in Pretoria gehou.

Die President, wat as voorsitter optree, verklaar die vergadering behoorlik byeengeroep ooreenkomstig die regulasies ingevolge die Wet op die Suid-Afrikaanse Reserwebank.

Die notule van die vorige vergadering word as gelese beskou, bekragtig en deur die voorsitter onderteken.

Die voorsitter spreek daarop die vergadering soos volg toe:

"Dit is vir my 'n genoeë om die finansiële state van die Bank, sowel as die verslae van die direkteure en die ouditeure vir die jaar geëindig 31 Maart 1994, formeel aan u voor te lê.

Ek lê ook aan u voor die Bank se *Jaarlikse Ekonomiese Verslag*, wat as agtergrond vir die opmerkings wat ek vandag gaan maak, beskou moet word.

Inleiding

Die langverwagte herstel in die Suid-Afrikaanse ekonomie het uiteindelik gedurende die afgelope twaalf maande 'n werklikheid geword. Die langste na-oorlogse resessie in die land het alreeds in Maart 1989 begin en die uitgerekte afswaifase het eers gedurende die eerste helfte van verlede jaar uitgevlak. Sedert die derde kwartaal van 1993 beweeg totale ekonomiese bedrywigheid op 'n duidelike pad van herstel. Hierdie nuwe opswaifase het gedurende die eerste kwartaal van 1994 gewankel, maar het daarna gedurende die tweede kwartaal van hierdie jaar weer matig stukrag opgebou. Die uitdaging wat Suid-Afrika nou in die gesig staar, is om in die jare wat voorlê 'n bestendige ekonomiese groeikoers te handhaaf. Die behoud van algehele finansiële stabiliteit is 'n voorvereiste vir sodanige volgehoue groei.

Die herstel in die ekonomie was gedeeltelik van 'n sikliese aard. Gedurende die inkrimping van die ekonomie oor 'n langdurige tydperk van nagenoeg vier jaar het die land se vermoë om in die veelvuldige en groeiende behoeftes van ons gemeenskap te voorsien, verweer tot op 'n vlak waar die herstel daarvan nou noodsaaklik geword het. Die huidige herlewing is ook deur gunstige weersomstandighede ondersteun wat tot



Dr C. L. Stals

"Die uitdaging wat Suid-Afrika nou in die gesig staar, is om in die jare wat voorlê 'n bestendige ekonomiese groeikoers te handhaaf."

'n skerp toename in die landbouproduksie gelei het, en deur hoër groei in sommige nywerheidslande wat die volume van uitvoer verder bevorder het.

Die belangrikste faktor egter was ongetwyfeld die goeie vordering wat gedurende die afgelope jaar in Suid-Afrika met die politieke en sosiale hervorming gemaak is en wat in die wydondersteunde demokratiese verkiesing van 27 April 1994 en in die daaropvolgende inhuldiging van mnr Nelson Mandela as die nuwe President 'n hoogtepunt bereik het. Reeds gedurende die tydperk voor die verkiesing is inisiatiewe van stapel gestuur vir die opheffing van internasionale sanksies en ander ekonomiese strafmaatreëls wat kragtens besluite van die Verenigde Nasies teen Suid-Afrika toegepas is. Met die progressiewe beëindiging van hierdie optredes is Suid-Afrika se internasionale ekonomiese betrekkinge gaandeweg genormaliseer en het fasiliteite wat deur instellings soos die Internasionale Monetêre Fonds en die Wêreldbank aangebied word, weer toeganklik geword.

In die tussentyd het die totale ekonomiese bedrywigheid egter steeds die wisselvallighede van die politieke gebeure in die land weerspieël. Gedurende die eerste vier maande van 1994, toe daar nog verskeie onsekerhede ten opsigte van die finalisering van die nuwe grondwet en die algemene deelname van die belangrikste politieke groepe aan die komende verkiesing bestaan het, en toe daar ook twyfel ontstaan het oor die algemene aanvaarding van die verkiesingsuitslag, het die ekonomiese opswaai gewankel. Die finale uitslag van die verkiesing, en die gunstige reaksie daarop van die meeste Suid-Afrikaners asook van die internasionale gemeenskap, het sedert Mei die weg gebaan vir 'n hervatting van die herstel in totale ekonomiese bedrywigheid.

Suid-Afrika bied nou uitstekende geleenthede om sy groot ekonomiese potensiaal in die belang van al sy inwoners te verwesenlik. Met die politieke hervorming wat nou gevestig is en met 'n nasionale verbintenis tot 'n omvattende program van ekonomiese heropbou en ontwikkeling, word die aandag van alle deelnemers aan die ekonomiese ontwikkelingsproses, asook dié van potensiele internasionale beleggers, in toenemende mate op die ekonomiese werklikhede van die land gerig. Suid-Afrika het 'n uiters belangrike stadium in sy ontwikkelingsgeskiedenis bereik en moet nou nasionale verantwoordelikheid vir goeie ekonomiese bestuur en selfvertroue in sy toekoms aan die dag lê. Die land moet nou 'n klimaat skep en ondersteun wat bevorderlik vir volgehoue ekonomiese groei oor die middel- tot langer termyn sal wees. Gesonde ekonomiese en finansiële beleid wat buitelandse beleggers sal aantrek en nie sal afskrik nie, moet toegepas word. Daar moet blywende vertroue by die sakegemeenskap wees om die land se produksiekapasiteit uit te brei. Alle Suid-Afrikaners moet natuurlik in die voordele van die ekonomiese groei deel.

"Die behoud van algehele finansiële stabiliteit is 'n voorvereiste vir sodanige volgehoue groei."

"Suid-Afrika het 'n uiters belangrike stadium in sy ontwikkelingsgeskiedenis bereik en moet nou nasionale verantwoordelikheid vir goeie ekonomiese bestuur en selfvertroue in sy toekoms aan die dag lê."

Die Reserwebank is ook daartoe verbind om sy bydrae tot die sukses van Suid-Afrika se proses van ekonomiese heropbou en ontwikkeling te lewer. Die belangrikste bydrae wat die sentrale bank kan maak is om, soos bewys is in baie ander lande wat sukses behaal het, die inflasiedruk wat onvermydelik op die lang pad van ekonomiese ontwikkeling ondervind sal word, onder beheer te hou. Sonder finansiële stabiliteit sal Suid-Afrika se voortgang op die pad van ekonomiese ontwikkeling en die opheffing van mense nie volgehou kan word nie.

Onlangse ekonomiese ontwikkelings

Die begin van 'n nuwe ekonomiese opswaai

Na meer as vier jaar van lae en – vir die grootste gedeelte daarvan – selfs negatiewe groei, het die Suid-Afrikaanse ekonomie in die loop van 1993 weer begin herstel. Gedurende die twaalf maande van Julie 1993 tot Junie 1994, was die reële bruto binnelandse produk in werklikheid 3½ persent hoër as in die onmiddellik voorafgaande twaalf maande. Groei was besonder sterk in die tweede helfte van 1993, maar het vervolgens in die eerste paar maande van 1994 teruggesak, hoofsaaklik vanweë die hernieude onsekerhede wat die verkiesing op 27 April voorafgegaan het. In die tweede kwartaal van 1994 het die uitbreiding weer ietwat meer stukrag gekry toe die bruto binnelandse produk teen 'n seisoensaangesuiwerde jaarkoers van ongeveer 2 persent toegeneem het.

Alhoewel 'n herstel in landbouproduksie na die droogte van 1991/92 hoofsaaklik vir die aanvang van die nuwe ekonomiese opswaai verantwoordelik was, het die produksie van ander sektore soos mynbou, fabriekswese en dienste in die loop van 1993 ook effens verbeter. Die oplewing moet egter tans steeds as wankelig beskou word. Dit kan maklik weer sy stukrag verloor, veral indien die huidige wrywing tussen verskeie vakbonde en werkgewers nie binnekort uitgeskakel word nie.

Die huidige opswaai is gesteun deur stewige toenames in die hoofkomponente van die binnelandse besteding, soos verbruiksbesteding deur huishoudings, bruto binnelandse vaste investering en die opbouing van voorrade. Tesame met 'n betreklik skerp styging in verbruiksbesteding deur die algemene owerheid het die toenames in die onderskeie vraagkomponente die totale reële bruto binnelandse besteding oor die twaalf maande tot Junie 1994, opgestoot tot 'n vlak wat 4½ persent hoër was as die vlak daarvan in die onmiddellik voorafgaande twaalf maande.

Totale verbruiks- en ander lopende besteding deur sowel huishoudings as die algemene owerheid het teen 'n hoër koers as die binnelandse produksie toegeneem, met die gevolg dat die totale binnelandse besparing verder gedaal het tot slegs ongeveer 16 persent van die bruto binnelandse produk in die eerste helfte van 1994. Dit word beraam dat besparing, dit wil sê die verskil tussen totale lopende inkome en totale lopende besteding,

"Na meer as vier jaar van lae en – vir die grootste gedeelte daarvan – selfs negatiewe groei, het die Suid-Afrikaanse ekonomie in die loop van 1993 weer begin herstel."

tot 'n vlak van ongeveer 24 persent van die bruto binnelandse produk verhoog moet word voordat Suid-Afrika in staat sal wees om 'n jaarlikse ekonomiese groeikoers van ongeveer 3½ persent te kan handhaaf. Die verantwoordelikheid van die totale Suid-Afrikaanse verbruikers-gemeenskap, dit wil sê huishoudings en alle vlakke van die owerheid, om die besparingsverhouding met soveel as 50 persent te verhoog, kan slegs deur 'n volgehoue netto invloeiing van buitelandse kapitaal verlig word.

Ten spyte van die oplewing in die totale ekonomiese bedrywigheid, het totale werkverskaffing in die formele sektor in 1993 aangehou om te daal. Die koers van afname in indiensneming het in der waarheid van 0,6 persent in 1990 en 2,1 persent in sowel 1991 en 1992 tot 2,5 persent in 1993 versnel. Meer onlangse gegewens oor werkverskaffing is in hierdie stadium nie beskikbaar nie en dit sal nog 'n geruime tyd duur voordat vasgestel kan word of die onlangse verdere herstel in ekonomiese bedrywigheid tot 'n verbetering in die totale werkverskaffing gelei het. Dit is egter 'n onweerlegbare feit dat grootskaalse werkloosheid 'n verskynsel sal bly wat nog 'n geruime tyd sal voortduur as nalatenskap van die swak prestasies van die Suid-Afrikaanse ekonomie oor die afgelope dekade. Om meer werkgeleenthede te kan skep is dit vanselfsprekend dat gesonde en volgehoue ekonomiese groei in die jare wat voorlê as 'n saak van uiterste nasionale belang bevorder sal moet word.

Volgehoue kapitaaluitvloeiing put beskikbare besparings en buitelandse reserwes uit

Soos teen die agtergrond van stygende binnelandse besteding verwag kan word, het die toename in invoere, veral gedurende die eerste helfte van 1994, 'n kleiner oorskot op die lopende rekening van die betalingsbalans tot gevolg gehad. Ná 'n oorskot van R5,9 miljard in 1993, het die werklike oorskot op die lopende rekening in die eerste helfte van 1994 tot slegs ongeveer R0,5 miljard gedaal.

Hierdie vinnige verswakking van die lopende rekening gedurende die vroeë fase van 'n tydperk van ekonomiese herstel maak 'n verbetering op die kapitaalrekening van die betalingsbalans gebiedend noodsaaklik. Tot dusver het die netto kapitaaluitvloeiing vanaf nie minder nie as R9,8 miljard in die laaste ses maande van 1993 tot R3,7 miljard in die eerste ses maande van 1994 gedaal. Hierdie verbetering het hoofsaaklik in die vorm van 'n aansienlike afname in die uitvloeiing van korttermynkapitaal plaasgevind, wat gedeeltelik 'n weerspieëling was van die meer geredelike toegang wat Suid-Afrikaanse leners tans tot internasionale banke en ander finansiële instellings geniet.

Indien die betreklik lae vlak van die amptelike buitelandse reserwes in aanmerking geneem word, belemmer die betalingsbalansposisie nog steeds die proses van ekonomiese ontwikkeling in Suid-Afrika. Jare van langdurige kapitaaluitvloeiing het nie slegs die bruto buitelandse reserwes van die Reserwebank uitgeput nie, maar het ook van tyd tot tyd die Bank

"Om meer werkgeleenthede te kan skep ... (moet) ... gesonde en volgehoue ekonomiese groei in die jare wat voorlê as 'n saak van uiterste nasionale belang bevorder ... word."

genoodsaak om op groot skaal van buitelandse korttermynkrediet gebruik te maak.

Hierdie netto kapitaaluitvloeiing, wat oor die nege jaar vanaf 1985 tot 1993 gemiddeld R5,5 miljard per jaar beloop het, het ook 'n aansienlike gedeelte van die land se binnelandse besparing opgeneem. 'n Verbetering in die kapitaalrekening van die betalingsbalans kan, selfs indien dit die netto uitvloeiing maar net tot nul sou verminder, 'n belangrike bydrae lewer tot die aanvulling van die bedrag aan besparing wat vir die finansiering van die nasionale ekonomiese ontwikkelingsprogram beskikbaar is.

In 'n poging om die uitwerking van die groot kapitaaluitvloeiing van verlede jaar op die wisselkoers van die rand te versag en ten einde ruimte te skep vir 'n minder beperkende binnelandse monetêre beleid, het die Reserwebank sy uitstaande buitelandse korttermynlenings van R1,6 miljard aan die einde van Junie 1993 tot R5,3 miljard aan die einde van Desember 1993 verhoog. Die totale uitstaande buitelandse lenings van die Reserwebank het op 10 Mei 1994 nie minder nie as R8,5 miljard bedra. Die Regering het ook in Desember 1993 'n verdere bedrag van R2,8 miljard by die Internasionale Monetêre Fonds geleen ten einde die land van voldoende buitelandse reserwes te voorsien om sy betalingsbalansverpligtinge na te kom. 'n Ommeswaai van die groot uitvloeiing van korttermynkapitaal ná die verkiesing in April het die Bank in staat gestel om sy buitelandse verpligtinge weer tot R5,7 miljard aan die einde van Julie 1994 te verminder.

Ten spyte van hierdie lenings het die bruto goud- en buitelandse reserwes, met inbegrip van die buitelandse reserwes in besit van die privaatbanke, in nominale terme marginaal vanaf R10,2 miljard aan die einde van Junie 1993 tot R9,7 miljard aan die einde van Junie 1994 gedaal. Laasgenoemde syfer was gelyk aan die waarde van ongeveer vyf weke se invoer, teenoor 'n normale gerieflike vlak van ongeveer twaalf weke.

Dit moet egter beklemtoon word dat korttermynlenings deur die Reserwebank slegs van 'n oorbruggingsaard is. Die Bank kan nie by 'n program van langertermyn betalingsbalans- of ekonomiese ontwikkelingsfinansiering betrokke raak nie. Alle moontlike pogings moet gevolglik aangewend word om die invloeiing van meer permanente kort- en langtermynkapitaal vir die finansiering van die land se langertermynbehoefte aan te moedig.

Die ondersteuning wat deur die Reserwebank aan die buitelandse valutamark verleen is, was nie voldoende om te voorkom dat die wisselkoers van die rand die afgelope negentien maande wesenlik depresieer nie. Die geweegde gemiddelde waarde van die rand teenoor 'n mandjie van die geldeenheide van Suid-Afrika se vernaamste handelsvennote het sedert die einde van Desember 1992 tot aan die einde van Julie 1994 met soveel as 18,7 persent gedepresieer. Hierdie depresiasie van die nominale waarde van die rand het die inflasiedifferensiaal tussen

"'n Verbetering in die kapitaalrekening van die betalingsbalans kan ... 'n belangrike bydrae lewer tot die aanvulling van die bedrag aan besparing wat vir die finansiering van die nasionale ekonomiese ontwikkelingsprogram beskikbaar is."

Suid-Afrika en die betrokke lande oorskry, met die gevolg dat die *reële* effektiewe wisselkoers van die rand oor dieselfde tydperk met ongeveer 10 persent gedepresieer het.

Die depresiasie mag op kort termyn as 'n matige aansporing dien vir binnelandse produsente wat op die uitvoermark aangewese is, asook vir produsente wat op die plaaslike mark met invoere moet meeding. Die mededingingsvoordeel wat deur 'n depresiasie van die geldeenheid verkry word, sal egter mettertyd deur stygende produksiekoste uitgewis word indien die inflasionistiese uitwerking van sodanige depresiasie nie deur meer beperkende monetêre en fiskale beleidsmaatreëls, asook deur beperkings op stygende loonkoste, onder beheer gehou word nie. In die huidige klimaat van betreklik ongunstige verwagtings oor toekomstige inflasie en aggressiewe eise vir groot loonverhogings, is dit hoogs onwaarskynlik dat 'n depresiasie van die rand enige blywende voordele vir ekonomiese groei sal inhou. Daar is, intendeel, 'n wesenlike risiko dat 'n volgehoue daling in die eksterne waarde van die rand die land maklik in 'n vernietigende spiraal van depresiasie-inflasie-depresiasie sou kon dompel. Die uiteindelijke koste om so 'n bose kringloop te breek, sal vir seker groter wees as enige korttermynvoordele wat 'n volgehoue depresiasie van die rand mag inhou.

In Julie 1994, toe die Reserwebank se netto buitelandse reserwes met R1,5 miljard toegeneem het, het die Bank die geleentheid gebruik om doelbewus in die buitelandse valutamark in te meng in 'n poging om die wisselkoers te stabiliseer. Die rand het vanaf 'n laagtepunt van R3,70 teenoor die VSA dollar op 26 Julie 1994 tot R3,59 per VSA dollar op 16 Augustus 1994 geappresieer. Die Bank het ook voortgegaan om die rand te ondersteun deur termyndekking aan bankinstellings en hul kliënte vir bepaalbare toekomstige verpligtings in buitelandse valuta te verskaf.

Ekonomiese herstel gekoppel met toenemende druk op die betalingsbalans beïnvloed lopende finansiële verwikkelings

Gedurende 1993 het die Reserwebank nie slegs aansienlike bedrae buitelandse valuta aan die buitelandse valutamark voorsien in 'n poging om teen die wind van 'n verswakkende wisselkoers te leun nie, maar het ook die geldmark verruim in 'n poging om 'n oormatige vernouing van die likwiditeit asook 'n moontlike styging van die rentekoerse in 'n baie vroeë stadium van die ekonomiese opswaai te voorkom. Die bystand wat deur die Bank aan die geldmark verleen is, was egter nie oormatig nie en kon in daardie stadium regverdig word deur 'n betreklik lae koers van toename in die geldvoorraad.

Die toestand het egter in die loop van 1993 verander. Die koers van toename in die M3-geldvoorraad, gemeet oor tydperke van twaalf maande, het vanaf 1,9 persent in Julie 1993 tot 7,0 persent in Desember 1993 en tot 15,0 persent in Junie 1994 gestyg. Alhoewel hierdie neigings deur 'n groot

"In die huidige klimaat van betreklik ongunstige verwagtings oor toekomstige inflasie en aggressiewe eise vir groot loonverhogings, is dit hoogs onwaarskynlik dat 'n depresiasie van die rand enige blywende voordele vir ekonomiese groei sal inhou."

ophoping van fondse in die regeringsrekenings by die banksektor gedurende die eerste helfte van 1993 en 'n daaropvolgende vermindering van hierdie saldo's gedurende die eerste helfte van 1994 beïnvloed is, kon die onderliggende veranderende neiging in die koers van toename in die geldvoorraad nie verontagsaam word nie.

Die koers van toename in die bedrag aan bankkrediet aan die privaatsektor, ook oor tydperke van twaalf maande gemeet, het vanaf 8,7 persent in Desember 1992 tot 5,7 persent in Mei 1993 gedaal, voordat dit weer tot 9,7 persent in Desember 1993 en tot 13,2 persent in Junie 1994 gestyg het. Dit is begryplik dat die vraag na bankkrediet tydens 'n ekonomiese herstelfase sal uitbrei, maar langtermyn ekonomiese groei kan natuurlik nie op 'n deurlopende grondslag deur geldskepping uit hoofde van die kredietverlenings-bedrywighede van bankinstellings gefinansier word nie.

Die Reserwebank het, teen die agtergrond van die volgehoue kapitaaluitvloeiing en die depresiasie van die rand se wisselkoers, gedurende die eerste gedeelte van 1994 'n meer neutrale beleidsingesteldheid ingeneem en hom van enige verdere spesiale bystand aan die geldmark weerhou. Die voortdurende daling in die netto buitelandse reserwes het likwiditeit aan die stelsel onttrek en hierdie nuwe beleidsbenadering is feitlik onmiddellik in toenemende geldmarktekorte weerspieël. Die totale akkommodasie wat bankinstellings by die diskontovenster van die Reserwebank benut het, het dienooreenkomstig vanaf R3,9 miljard aan die einde van Februarie 1994 tot R7,1 miljard aan die einde van April gestyg. Geldmarktoestande het daarna betreklik stram gebly en het slegs in Julie matig verruim nadat die land se netto buitelandse reserwes skerp gestyg het.

Rentekoerse het oor die algemeen in Februarie 1994 'n onderste draaipunt bereik. Daarna het die opbrengskoerskromme oor die volle looptyd-spektrum na 'n hoër vlak verskuif. Aangesien langtermynkoerse vinniger as korttermynkoerse gestyg het, het die opbrengskoerskromme 'n steil opwaartse helling verkry soos die gaping tussen lang- en korttermyn-rentekoerse vergroot het.

Hierdie verwickelinge het, nadat die Bankkoers ses keer agtereenvolgens vanaf 18 persent in Maart 1991 tot 12 persent in Oktober 1993 verlaag is, 'n verdere verlaging hoogs onwaarskynlik gemaak. Onder toestande van betreklik groot kapitaaluitvloeiinge, 'n depresiërende wisselkoers, stygende vraag na krediet, 'n versnelling in die koers van toename in die geldvoorraad, 'n betreklik groot tekort op die begroting van die algemene owerheid en skynbaar toenemende verwagtings van hoër inflasie, was daar sekerlik geen regverdiging vir wat bloot as 'n kunsmatige verlaging van die Bankkoers geag sou kon word nie. Dit was, intendeel, slegs omdat die monetêre owerhede van mening was dat ten minste sommige van hierdie ongunstige verwickelings (soos byvoorbeeld die kapitaaluitvloeiing en die

"... langtermyn ekonomiese groei kan natuurlik nie op 'n deurlopende grondslag deur geldskepping uit hoofde van die kredietverlenings-bedrywighede van bankinstellings gefinansier word nie."

depresiasie van die wisselkoers), regstreeks verband gehou het met die politieke gebeure tydens die oorgangstydperk en weer gedurende die tweede helfte van 1994 omgekeer sou word, wat die Reserwebank daarvan weerhou het om tot dusver in 1994 'n meer beperkende monetêre beleid te volg.

Botsende verwikkelings tussen stygende vraag na fondse van die privaatsektor en groot leningsbehoefte van regering

Die tekort voor lenings van die sentrale regering het gedurende die afgelope drie fiskale jare wat op 31 Maart 1992, 1993 en 1994 geëindig het, onderskeidelik 4,3, 8,3 en 6,9 persent van die bruto binnelandse produk beloop. Vir die fiskale jaar 1994/95 is hierdie tekort op R29,3 miljard, of 6,6 persent van die verwagte bruto binnelandse produk, geraam.

Tekorte van die regering van hierdie omvang verminder onvermydelik die totale besparing wat vir investering en ontwikkeling in die privaatsektor beskikbaar is en dit verteenwoordig ontsparing deur die regering – in die mate dat die tekorte die betreklik klein bedrag van kapitaalbesteding deur die regering oorskry. Die totale tekort verteenwoordig boonop 'n toevoeging tot totale staatskuld, en ook tot die alreeds hoë rente- en aflossingskoste vir die belastingbetaler. Rentebetalings op die staatskuld beloop in hierdie stadium alreeds 17,2 persent van die totale begrotingsuitgawes, gelykstaande aan 5,6 persent van die bruto binnelandse produk.

In die taamlik gedempte ekonomiese toestande van die afgelope paar jaar, was dit nie vir die regering moeilik om die benodigde fondse op die plaaslike finansiële markte te leen nie. Daar is in die proses weinig van bankkrediet gebruik gemaak en rentekoerse het in die algemeen voortgegaan om in ooreenstemming met die dalende inflasiekoers te daal. Daar kan in der waarheid aangevoer word dat die groot tekorte op die begroting van die regering in hierdie omstandighede 'n mate van stimulering aan die ekonomie verskaf het en gevolglik voorkom het dat die resessie selfs nog verder verdiep het.

Die omstandighede het egter gedurende die afgelope jaar betekenisvol verander. Die ekonomie is nou op 'n nuwe uitbreidingspad, vaste investering deur die privaatsektor is besig om toe te neem en daar is 'n stygende vraag na fondse, soos in die onlangse matige toename in bankkrediet aan die privaatsektor toegestaan weerspieël is. In die omstandighede kan oormatige lenings deur die regering maklik aanleiding gee tot opwaartse druk op rentekoerse en ook 'n verdringing van die privaatsektor, en/of tot die versoeking om 'n gedeelte van die tekort met bankkrediet te finansier. Albei hierdie weë sal weldra die ekonomiese opswaai demp en gevolglik ook die land se vermoë verminder om die huidige welkome uitbreidingsfase vir 'n lang tydperk te handhaaf, net soos met die "stop-gaan"-ondervindings van die sewentigerjare die geval was.

Die Reserwebank se pogings om algehele finansiële stabiliteit ter ondersteuning van volgehoue ekonomiese groei oor die middel- en langer

"Onder toestande van betreklik groot kapitaal-uitvloeiinge, 'n depresiërende wisselkoers, stygende vraag na krediet, 'n versnelling in die koers van toename in die geldvoorraad, 'n betreklik groot tekort op die begroting van die algemene owerheid en skynbaar toenemende verwagtings van hoër inflasie, was daar sekerlik geen regverdiging vir ... 'n ... verlaging van die Bankkoers ... nie."

"Tekorte van die regering van hierdie omvang verminder onvermydelik die totale besparing wat vir investering en ontwikkeling in die privaatsektor beskikbaar is ..."

"Pogings om die ekonomie deur middel van oormatige verhogings van die regeringsuitgawes te stimuleer, kan in hierdie stadium die teenoorgestelde uitwerking hê en kan weer eens tot 'n voortydige beëindiging van die opswaifase aanleiding gee."

termyn te handhaaf, vereis nou doeltreffende koördinasie tussen monetêre en fiskale beleid, selfs meer as wat dit op enige ander tydstip die afgelope vyf jaar nodig was. Pogings om die ekonomie deur middel van oormatige verhogings van die regeringsuitgawes te stimuleer, kan in hierdie stadium die teenoorgestelde uitwerking hê en kan weer eens tot 'n voortydige beëindiging van die opswaifase aanleiding gee. Soos dit dikwels met makro-ekonomiese besluite gebeur, moet die beleidmakers in die huidige omstandighede minder doen ten einde uiteindelik meer te kan bereik. Die Reserwebank verleen derhalwe sy volle ondersteuning aan die pogings van die Minister van Finansies in sy begroting vir 1994/95 waarvolgens meer fondse vir die Heropbou- en Ontwikkelingsprogram voorsien word deur 'n herskikking van bestaande uitgawes, eerder as deur 'n verhoging van die totale regeringsuitgawes.

Drie probleemareas in die ekonomie

Inflasie daal maar inflasionistiese druk duur voort

"Een van die mees verblydende ontwikkelings gedurende die afgelope jaar was die afname in die inflasiekoers. Sowel die produsente- as die verbruikersprysindeks het oor die afgelope jaar teen hul laagste koerse in meer as twee dekades gestyg."

Een van die mees verblydende ontwikkelings gedurende die afgelope jaar was die afname in die inflasiekoers. Sowel die produsente- as die verbruikersprysindeks het oor die afgelope jaar teen hul laagste koerse in meer as twee dekades gestyg. Die omvattende produsenteprysindeks het in 1993 met slegs 6,6 persent en die verbruikersprysindeks met slegs 9,7 persent gestyg. Gemeet oor tydperke van twaalf maande het die koers van verandering in die produsenteprysindeks in Oktober 1993 op 5,4 persent sy laagste vlak van die afgelope agtien maande bereik voordat dit weer tot 7,9 persent in Junie 1994 gestyg het. Op dieselfde basis het die verbruikersprysinflasie 'n laagtepunt van 7,1 persent in April 1994 bereik voordat dit weer tot 7,5 persent in Junie 1994 gestyg het.

Die vele nadele van inflasie is in vorige *Presidentsredes* by hierdie vergaderings, in feitlik al die *Jaarlikse Ekonomiese Verslae* wat die Bank die afgelope jare uitgereik het, en in baie openbare toesprake en publikasies deur amptenare van die Reserwebank uitgewys. Hierdie nadele kan by wyse van 'n vrye vertaling van 'n aanhaling uit die laaste bladsye van die *Heropbou- en Ontwikkelingsprogram* soos volg opgesom word: "Oormatige inflasie of ernstige betalingsbalansprobleme ... sal die omstandighede van armes vererger, groei belemmer en veroorsaak dat die HOP misluk".

Een aspek van die inflasionêre proses wat in Suid-Afrika verdere aandag verdien, is die rol van verwagtings. Alhoewel nominale inflasiekoerse oor die afgelope jaar aansienlik gedaal het, het ons nog nie heeltemal daarin geslaag om die inflasie-psigose te breek nie. Dit vereis 'n lang en volgehoue stryd wat nie deur korttermynskommelings in pryse ontspoor mag word nie. Solank inflasie en inflasieverwagtings 'n wesenlike invloed uitoefen op deurlopende besluite om te spaar, te investeer, te produseer of te verbruik, is die stryd steeds aan die gang. Solank Suid-Afrika se

inflasiekoers op 'n vlak aansienlik hoër as dié van ons vernaamste internasionale handelsvennote en mededingers bly, sal die land stygende koste moet beveg om mededingend in internasionale markte te wees. Solank daar inflasie is, ongeag wat die vlak daarvan mag wees, het die Reserwebank 'n verpligting om dit te bestry.

Dit is geen maklike taak nie, veral nie in die huidige ekonomiese klimaat nie. Baie van ons het 'n begeerte om die ekonomie tot verby sy werklike potensiaal op te forseer, en om druk op die monetêre stelsel uit te oefen om eenvoudig deur die skepping van meer geld hierdie begeertes te vervul. Tog stem ons almal saam dat die skepping van meer geld nog nooit 'n wonderkuur vir die bekamping van armoede was nie. In werklikheid demp hoë inflasie wat deur buitensporige toenames in die geldvoorraad gefinansier word nie net ekonomiese groei oor die langer termyn nie – dit diskrimineer ook op onbillike wyse teen die armes deur 'n ongelyke aftakeling van lewenstandaarde.

Ons is gevolglik verplig om op ons hoede te bly in die stryd teen inflasie. Gevaartekens het na vore gekom in die jongste veranderinge in die koers van toename in finansiële groothede soos die geldvoorraad en bankkredietverlening, in veranderinge in sowel die wisselkoers van die rand as in rentekoerse, veral in langtermynkoerse, en in die vorm van die opbrengskoerskromme. Sowel die produsente- as die verbruikersprysindeks het ook onlangs begin om weer opwaarts te beweeg. Indien daar nie nou, in die ná-verkiezings tydperk, 'n doelgerigte terugkeer na 'n meer bestendige oorhoofse finansiële klimaat in die land plaasvind nie, sal die Reserwebank weinig ander keuse hê as om aan die neigings van markkragte toe te gee en 'n meer beperkende monetêre beleid in te stel.

Daar is normaalweg lang tydsloerings in die reaksie van pryse op inflasioneëre impulse van finansiële veranderinge. Makro-ekonomiese ontleders raam dat hierdie tydsloerings so lank as agtien maande tot twee jaar kan duur. Indien die Reserwebank dus sou wag totdat die gemete inflasiekoers 'n onaanvaarbaar hoë vlak bereik het voordat die monetêre beleidsmaatreëls verskerp word, sou dit blyk dat hy heeltemal te lank gewag het. Vroeë en doelgerigte optrede sal nodig wees indien ons nie die vordering wil prysgee wat reeds oor die afgelope paar jaar gemaak is om finansiële stabiliteit in die Suid-Afrikaanse ekonomie te herstel nie.

Multi-faktor produktiwiteit moet verbeter om volgehoue ekonomiese groei te ondersteun

In die byna vergete Normatiewe Ekonomiese Model wat in Maart 1993 as 'n besprekingsdokument deur die Minister van Finansies uitgereik is, word 'n ontleding verskaf van Suid-Afrika se swak prestasie in totale multi-faktor produktiwiteit oor tyd, en ook in vergelyking met die meer suksesvolle ekonomieë in Suidoos-Asië. Insette van sowel kapitaal as arbeid lewer betreklik lae opbrengste in die vorm van uitsette en het aansienlik tot die

"... hoë inflasie wat deur buitensporige toenames in die geldvoorraad gefinansier word (demp) nie net ekonomiese groei oor die langer termyn nie – dit diskrimineer ook op onbillike wyse teen die armes deur 'n ongelyke aftakeling van lewenstandaarde."

"Vroeë en doelgerigte optrede sal nodig wees indien ons nie die vordering wil prysgee wat reeds oor die afgelope paar jaar gemaak is om finansiële stabiliteit in die Suid-Afrikaanse ekonomie te herstel nie."

verswakking van Suid-Afrika se mededingendheid op die internasionale markte bygedra. Noudat Suid-Afrika weer in die internasionale gemeenskap opgeneem en ons produsente al meer aan internasionale mededinging blootgestel word, is dit van die uiterste belang dat ons as 'n volk baie meer mededingend sal raak.

Meer onlangse gegewens is ongelukkig nie beskikbaar nie, maar daar was bemoedigende ontwikkelings in 1993 wat arbeidsproduktiwiteit en arbeidseenheidskoste betref. Die koers van toename in die gemiddelde nominale loon per werker in die sektore buite die landbou het van 15,4 persent in 1992 tot 10,6 persent in 1993 gedaal. Ná uitskakeling van die invloed van inflasie was die toename in die gemiddelde reële loon per werker gedurende 1993 minder as 1 persent.

Hoofsaaklik vanweë tegniese redes, byvoorbeeld die afdanking van werkers, het die gemiddelde arbeidsproduktiwiteit verlede jaar toegeneem in dié opsig dat minder arbeid gebruik is om een eenheid produksie voort te bring. Die kombinasie van betreklik lae loonverhogings enersyds, en van verhoogde uitset per werker andersyds, het tot 'n afname van nie minder nie as 3,0 persent in die reële arbeidskoste per eenheid fisiese uitset in 1993 gelei. Indien hierdie ontwikkeling sou voortduur, hou dit groot belofte vir die land se vooruitsigte op ekonomiese ontwikkeling in.

Daar bestaan onbetwisbare moontlikhede om produktiwiteit in Suid-Afrika verder te verbeter, byvoorbeeld deur beter onderwys en opleiding, die verbetering van dienste soos behuising, gesondheidsorg, vervoer en elektrifisering, die ingebruikneming van meer gevorderde tegnologie en die bevordering van effektiewe mededinging. Met ander woorde, die bereiking van talle van die doelwitte van die Heropbou- en Ontwikkelingsprogram is van die grootste belang, nie net om sosio-politieke redes nie, maar ook ter wille van toekomstige ekonomiese ontwikkeling.

Alhoewel dit mag lyk asof die bogenoemde bedrywighede buite die sfeer van die Reserwebank se monetêre beleidsverantwoordelikhede val, is hulle van deurslaggewende belang vir die bereiking van die gemeenskaplike uiteindelijke doelwit wat deur alle konsekwente makro-ekonomiese beleidsmaatreëls nagestreef word, naamlik die verbetering van die lewenspeil van al Suid-Afrika se mense. Die belangrikste bydrae wat monetêre beleid kan lewer om hierdie doelwit te verwesenlik is om die waarde van die rand te beskerm, want slegs in omstandighede van finansiële stabiliteit en dienooreenkomstige verwagtings sal die voordele van verhoogde produktiwiteit die ware skeppers van rykdom op 'n sigbare en regverdige manier toeval.

Die bemoedigende ontwikkelings in arbeidsproduktiwiteit en in die gemiddelde arbeidskoste per eenheid van produksie oor die afgelope jaar, het in 'n klimaat van ernstige resessie plaasgevind. Dit sal jammer wees indien

hierdie gunstige ontwikkelings nou weer gedurende die huidige fase van ekonomiese herstel onder 'n nuwe vlag van voortgesette loongesille tussen werkgewers en werknemers moet verkrummel.

Die valutabeheer-beperking

Oor 'n tydperk van meer as dertig jaar is die Suid-Afrikaanse betalingsbalans deur talle nie-ekonomiese handelinge beïnvloed wat van tyd tot tyd deur ander lande ingestel is om die verloop van sosio-politieke ontwikkelings in die land te verander. Gedurende hierdie tydperk is 'n omvangryke valutabeheerstelsel ingestel om uitwaartse kapitaalbewegings te reguleer. Hierdie beheermaatreëls, wat sowel nie-inwoners as inwoners raak, is ook aangewend om die binnelandse ekonomie te beskerm teen die nadelige invloede van betalingsbalansverwikkelling wat uit nie-ekonomiese faktore voortgespruit het. Vanweë die aard van hul oorsprong, kon sulke verwikkelling nie altyd met behulp van die konvensionele makro-ekonomiese beleidsmaatreëls beheer word nie.

'n Mate van sukses is miskien met die valutabeheermaatreëls behaal in die bereiking van die oorspronklike doelwitte. Soos gewoonlik die geval is met alle regstreekse maatreëls wat oor 'n langdurige tydperk op markbedrywigheide van toepassing bly, het hulle egter ook baie verwringings in die Suid-Afrikaanse ekonomie veroorsaak wat die wisselkoers, die algemene vlak van rentekoerse, die pryse van vaste eiendom en finansiële bates, en selfs lone en salarisse geraak het. Aanpassings in hierdie belangrike ekonomiese veranderlikes wat normaalweg oor die jare heen moes plaasvind, is óf uitgestel óf deur die stelsel van valutabeheer onderdruk, en agterstande wat opgeloop het, sal reggestel moet word sodra die beheer uiteindelik afgeskaf word.

Daar behoort geen ruimte vir enige groot meningsverskil oor hierdie saak te wees nie. Op die lang termyn en in belang van toekomstige ekonomiese groei, moet Suid-Afrika sy buitelandse valutamark vryer maak en na 'n stelsel van 'n enkelvoudige swewende wisselkoers terugkeer, wat slegs deur noodsaaklik geagte inmenging van die Reserwebank beïnvloed word. Sodanige inmenging moet slegs daarop gemik wees om omkeerbare korttermynskommelings in die valutamark uit te stryk.

'n Belangrike stap in hierdie rigting is gedoen toe 'n ooreenkoms in September 1993 met Suid-Afrika se buitelandse krediteurbanke bereik is vir 'n finale herskedulering van die oorblywende bedrag van VSA \$4,5 miljard van die oorspronklike bedrag van \$13,6 miljard wat sedert Augustus 1985 in Suid-Afrika ingevolge 'n reeks tussentydse skuldooreenkomste geblokkeer is. Dié saldo sal ten volle aan die krediteure terugbetaal word in gereelde sesmaandelikse paaientemente tot in 2001.

Wat die oorblywende valutabeheerregulasies betref, is daar nietemin baie uiteenlopende menings oor hoe en wanneer Suid-Afrika van die

"'n Mate van sukses is miskien met die valutabeheermaatreëls behaal in die bereiking van die oorspronklike doelwitte. Soos gewoonlik die geval is met alle regstreekse maatreëls wat oor 'n langdurige tydperk op markbedrywigheide van toepassing bly, het hulle egter ook baie verwringings in die Suid-Afrikaanse ekonomie veroorsaak ..."

"Op die lang termyn en in belang van toekomstige ekonomiese groei, moet Suid-Afrika sy buitelandse valutamark vryer maak en na 'n stelsel van 'n enkelvoudige swewende wisselkoers terugkeer..."

huidige stelsel na die gewenste stelsel moet oorskakel, en oor watter aanvullende en ondersteunende maatreëls nodig mag wees om hierdie oorskakeling te vergemaklik. In baie ander lande is valutabeheer as 'n onderdeel van 'n omvattende en goedbeplande makro-ekonomiese herstrukturierungsprogram afgeskaf, dikwels in samewerking en met die ondersteuning van die Internasionale Monetêre Fonds en die Wêreldbank. Sulke programme het normaalweg vir 'n gepaste rentekoers- en wisselkoersbeleid voorsiening gemaak, en ook die sentrale bank en die regering tot duidelik gerigte beperkende monetêre en fiskale dissiplines verbind. Die programme wat op sommige lande van toepassing was, het ook beperkings op daaropvolgende loonverhogings ingesluit, en buitelandse finansieringsfasiliteite is beskikbaar gestel om, indien nodig, die betalingsbalans in die oorgangsfase te ondersteun.

Die afskaffing van valutabeheer as 'n maatreël op sy eie, sonder enige ondersteunende hulpmaatreëls, kan ernstige versteurings aan die begin van die oorskakeling veroorsaak en die herinstelling van die ou beheermaatreëls noodsaak, of selfs die instelling van ander nuwe regstreekse beheermaatreëls oor markte tot gevolg hê, wat meer skadelik vir die ekonomie mag wees. Suid-Afrika moet om klaarblyklike redes hierdie roete vermy.

Die tydsberekening van die afskaffing van valutabeheer, veral indien dit sonder die ondersteuning van 'n omvattende aantal makro-ekonomiese maatreëls gedoen sou word, is van deurslaggewende belang. Dit sal byvoorbeeld raadsaam wees om die stap te doen slegs nadat die reëlins vir Suid-Afrika se hertoetreding tot die internasionale kapitaalmarkte gefinaliseer is. Die Reserwebank het ook reeds voorheen gewaarsku dat die aanpassingsproses redelik pynlik kan wees indien die afskaffing van valutabeheer sou plaasvind in omstandighede waar die diskonto tussen die twee wisselkoerse steeds 'n beduidende omvang aanneem, groot bedrae geredelik beskikbare finansiële randsaldo's steeds op deposito by bankinstellings in Suid-Afrika gehou word, en die Reserwebank maar net 'n klein bedrag buitelandse reserwes tot sy beskikking het om die buitelandse valutamark in die oorgangstydperk te ondersteun.

Suid-Afrika is tans besig met die ingewikkelde proses om 'n internasionale kredietgradering van gerespekteerde internasionale graderingsagentskappe te bekom wat die verkryging van toekomstige lenings op die internasionale kapitaalmarkte sal vergemaklik. Die betrokke prosedures sal hopelik voor die einde van vanjaar afgehandel wees en sal nog 'n struikelblok op die weg van Suid-Afrika se herintegrasie in die internasionale ekonomie verwyder.

Sodra Suid-Afrika tot die wêreld se kapitaalmarkte hertoegetree het, sal dit moontlik wees om die land se buitelandse leningsbehoefte oor 'n wyer spektrum van beleggers te versprei. Dit sal die land se groot afhanklikheid van die internasionale bankgemeenskap, wat vir bykans 'n dekade

"Die tydsberekening van die afskaffing van valutabeheer, veral indien dit sonder die ondersteuning van 'n omvattende aantal makro-ekonomiese maatreëls gedoen sou word, is van deurslaggewende belang."

geduldig en voortdurend die kapitaalrekening van die betalingsbalans ondersteun het, verminder.

Die Reserwebank bly steeds vol vertroue dat die kapitaalrekening van die betalingsbalans nog verder sal verbeter, en dat meer internasionale likwiditeit beskikbaar sal kom om 'n verantwoordelike program vir die afskaffing van valutabeheer te ondersteun. Intussen sal die wisselkoers van die finansiële rand hopelik ook nader aan dié van die kommersiële rand beweeg, ofskoon dit 'n verdere aanpassing mag verg in die pryse van die onderliggende bates wat deur nie-inwoners in Suid-Afrika gehou word. Meer gunstige omstandighede mag nietemin in die toekoms ontwikkel vir die afskaffing van valutabeheer – indien nie in sy geheel nie, dan ten minste gedeeltelik.

Dit is naïef om te glo dat groot hoeveelhede kapitaal op 'n netto basis na Suid-Afrika sal vloei sodra die beperkings op die uitvloeiing van kapitaal afgeskaf word. Valutabeheer is maar net een hindernis in die weg van die buitelandse belegger wat internasionaal rondkyk na lande waar hy sy besparings kan belê. Ander oorwegings, soos sosiale en politieke stabiliteit, ekonomiese lewensvatbaarheid, gesonde fiskale en monetêre beleid en verbeterings in multi-faktor produktiwiteit, is vir die meeste potensiele buitelandse beleggers van selfs nog groter belang.

Die finansiële struktuur

'n Aantal Suid-Afrikaanse bankinstellings is tans besig met programme om verteenwoordiging in die vernaamste internasionale finansiële sentrums te vestig en is ook besig om takkantore en filiale in ander Afrikalande te open. Hierdie "internasionalisering" van Suid-Afrikaanse banke vergroot die verantwoordelikheid van ons regulerings- en toesighoudingsowerhede om gesonde bankinstellings wat doeltreffend bestuur word in die land te bevorder. Die Suid-Afrikaanse banke is nie slegs die bewaarders van die geldvoorraad en van die korttermynbesparings van die Suid-Afrikaanse publiek nie, maar moet nou ook die beeld van 'n gedissiplineerde Suid-Afrikaanse finansiële stelsel na die res van die wêreld uitdra.

Geleenthede ontstaan gevolglik vir die Suid-Afrikaanse finansiële markte om nie net aan die Suid-Afrikaanse publiek dienste te lewer nie, maar ook aan deelnemers vanuit die res van die wêreld wat moontlik mag belangstel. Dit moet egter aanvaar word dat hierdie integrasie in die internasionale finansiële markte, wat na alle waarskynlikheid sal toeneem namate Suid-Afrika se buitelandse valutamark vrygemaak word, ook groter verantwoordelikheid sal meebring om aan internasionale norme en standaarde te voldoen. Deelnemers in die wêreldmarkte is huiwerig om in markte op te tree wat nie goed georganiseer is nie of in omstandighede waarin toesighouding nie nougeset toegepas word nie.

"Die Suid-Afrikaanse banke is nie slegs die bewaarders van die geldvoorraad en van die korttermynbesparings van die Suid-Afrikaanse publiek nie, maar moet nou ook die beeld van 'n gedissiplineerde Suid-Afrikaanse finansiële stelsel na die res van die wêreld uitdra."

Die Suid-Afrikaanse reguleringsowerhede het om hierdie redes die ontwikkeling van gepaste verrekenings-, vereffenings-, eienaarsoordrag- en markinligtingstelsels aktief aangemoedig en beklemtoon nou behoorlike risikobestuurstelsels in markte en tussen markte, wat ook kapitaal-toereikendheidsvereistes vir markdeelnemers insluit. Uitgebreide reëlins vir risikobestuur het oor die afgelope jare noodsaaklik geword vanweë die vinnige groei van die Suid-Afrikaanse finansiële markte wat betref die aantal instrumente en deelnemers asook die omsette, en die gepaardgaande hoër potensiaal vir stelselrisiko's, met inbegrip van kruismark-beïnvloedings.

Die daaglikse bedrae wat vereffen moet word het aansienlik toegeneem, hoofsaaklik vanweë die vinnige groei in die aantal transaksies op die finansiële markte. Die daaglikse bedrag wat deur middel van tjeks, as die belangrikste betalingsinstrument, oorgedra word, bereik by geleenthede R60 miljard. Dit het die aandag van die Reserwebank gevestig op die betaalstelsel as sodanig, sowel as op die Bank se eie risikoblootstelling. In die heersende omstandighede sal dit vir die Bank moeilik wees om nie die bankstelsel te ondersteun in die geval van wanprestasie deur 'n verrekeningsbank in die vereffenings-proses nie. Die verrekeningstydperke in die finansiële markte kan tot 14 dae duur en gee aanleiding tot lang en ingewikkelde transaksie-kettings wat, in die geval van wanprestasie, nie binne 'n redelike tydverloop ontrafel kan word nie. Vanweë die ontwrigtende gevolge wat 'n uitgestelde vereffening op die markte kan hê, word die Reserwebank feitlik gedwing om hierdie onaanvaarbare vereffenings- risiko te aanvaar.

Die Bank het gevolglik 'n duidelike belang by die doeltreffende en veilige funksionering van die betaalstelsel en huldig ook die standpunt dat finansiële tussengangers en markdeelnemers verkieslik hul eie krediet- en markrisiko's moet beheer en dat hulle met die Bank moet saamwerk om risiko's in die betaalstelsel te verminder. Die Vereniging van Verrekeningsbanke het die afgelope jaar die inisiatief geneem deur 'n verslag oor betaalstelselrisiko's op te stel. In opvolging daarvan het die Reserwebank die verdere inisiatief geneem om 'n strategiese raamwerk te skep vir die verdere ontwikkeling van die nasionale betaalstelsel wat daarop gemik sal wees om groter doeltreffendheid en risikovermindering teweeg te bring.

Hierdie groter besorgdheid van die Reserwebank oor die risiko's van die finansiële stelsel en oor algehele verrekenings- en vereffeningsreëlins beteken nie dat die Bank nou die besigheidsrisikobestuur van afsonderlike finansiële instellings as van minder belang beskou nie. Die Kantoor van die Registrateur van Banke werk steeds nou met die direkteure, die bestuur en die ouditeure van elke individuele

"... die Reserwebank (het) die verdere inisiatief geneem om 'n strategiese raamwerk te skep vir die verdere ontwikkeling van die nasionale betaalstelsel wat daarop gemik sal wees om groter doeltreffendheid en risiko-vermindering teweeg te bring."

instelling saam ten einde risikobestuur op die korporatiewe vlak te verseker.

Die gesonde afstand wat gedurende die afgelope paar jaar ontwikkel het tussen die Kantoor van die Registrateur, wie se belangstelling in die eerste plek lê by die bestuur van risikoblootstellings binne individuele instellings, en die Reserwebank, in sy hoedanigheid as lener in laaste instansie en met 'n groter belang by die voorkoming van stelselrisiko's, word hopelik nou beter begryp. Nóg die Kantoor van die Registrateur nóg die Reserwebank kan egter onder alle omstandighede volledige beleggingsekerheid vir aandeelhouers in, of deposante by, enige spesifieke bankinstelling waarborg. Ten spyte van alle voorsorg deur die Kantoor van die Registrateur, kom daar steeds gevalle van wanprestasie deur bankinstellings voor en ontwikkel omstandighede tot in 'n stadium waar normale Reserwebankbystand by die diskontovenster die toestand nie meer kan red nie. Die owerhede kan dus nie altyd die traumatiese en pynlike proses van likwidasie verhoed nie, nie eens van 'n geregistreerde bankinstelling nie. Die owerhede kan ook nie verantwoordelik gehou word vir mislukkings as gevolg van verkeerde interne besluite, swak bestuur of rampspoedige eksterne gebeure wat soms likwidasie op 'n bank afdwing nie. Deposante by finansiële instellings moet gevolglik gereeld daaraan herinner word dat hulle uiteindelik self die volle verantwoordelikheid dra betreffende besluite wat hulle neem oor waar hulle hul fondse belê.

Verskeie versoeke word tans tot Suid-Afrikaanse bankinstellings gerig om hul bedrywighede in Suid-Afrika uit te brei om aan die minder gegoede gedeelte van die bevolking se behoeftes aan bankdienste te voldoen en om meer fondse vir behuising, uitvoerfinansiering, die landbou en kleinsake-ontwikkeling te voorsien. Die banke het ongetwyfeld verantwoordelikhede in hierdie verband en kan in die loop van hul normale bedrywighede 'n noodsaaklike bydrae tot die uitvoering van die Heropbou- en Ontwikkelingsprogram lewer. Dit moet egter te alle tye besef word dat 'n bank se geloofwaardigheid en voortbestaan oor die lang termyn deur die kwaliteit van sy batebesit bepaal word. Banke moet nie tot oormatige risikoblootstelling gedwing word nie, want dan kan hulle moontlik in die toekoms ook van regeringssubsidies afhanklik word.

Dit moet ook in gedagte gehou word dat banke spesiale instellings is aan wie die spesiale volmag van geldskepping toevertrou is. Deur lenings toe te staan, skep banke deposito's, en deposito's by banke is deel van die geldvoorraad. Van tyd tot tyd ontstaan omstandighede waar dit in die nasionale belang nodig geag word om die geldskeppingsvermoë van bankinstellings aan bande te lê, byvoorbeeld deur die bedrag aan basiese likwiditeit, wat aan banke beskikbaar gestel word deur middel van die opemarktransaksies van die Reserwebank, te beperk en/of deur die

"Dit moet egter te alle tye besef word dat 'n bank se geloofwaardigheid en voortbestaan oor die lang termyn deur die kwaliteit van sy batebesit bepaal word. Banke moet nie tot oormatige risikoblootstelling gedwing word nie, want dan kan hulle moontlik in die toekoms ook van regeringssubsidies afhanklik word."

voorwaardes vir akkommodasie by die diskontovenster van die Bank te verskerp. Indien banke in hierdie omstandigheid verbind is tot die voorsiening van sekere toegewese lenings sal 'n ander tipe verdringing van die res van die privaatsektor onvermydelik word.

Slotopmerkings

Suid-Afrika het die verbeelding van die wêreld aangegryp oor die wyse waarop 'n nuwe en ten volle demokratiese politieke bedeling ingestel is. Die mense van die land het bykans onoorkomelike probleme van sosio-politieke hervorming met vasberadenheid en 'n wil om te slaag aangepak.

Suid-Afrikaners moet nou ook die volgende taak, dit wil sê van ekonomiese heropbou en ontwikkeling, in dieselfde gees aanpak. Ons moet die spel speel met die wil om te wen. Aan die een kant staan die land groot maar nietemin redelike verwagtings van sy mense vir beter lewensomstandighede en 'n beter lewenstandaard in die gesig. Aan die ander kant het ons beperkte bronne om in die behoeftes van die mense te voorsien. Daar is byvoorbeeld slegs beperkte besparings beskikbaar waaruit die nodige finansiering vir die vele dringende ontwikkelingsprogramme en vir die uitbreiding van die beperkte fisiese produksievermoë voorsien moet word.

Hierdie uitdaging bied geen rede tot wanhoop nie – dit is 'n normale toestand in enige land wat in 'n vergelykbare stadium van ekonomiese ontwikkeling verkeer. Dit is in der waarheid waaroor die ekonomie in die finale instansie handel: hoe om maksimale bevrediging van die voortdurend groeiende behoeftes van mense met die beperkte middele tot ons beskikking te bewerkstellig. Die kuns van suksesvolle ekonomiese bestuur is op stuk van sake hoe om maksimum produksie uit beperkte bronne voort te bring, en hoe om te verseker dat die maksimum bevrediging aan al die mense van Suid-Afrika sal toekom.

Daar is geen kitsoplossing vir hierdie makro-ekonomiese uitdaging nie. Suid-Afrikaners moet die illusie laat vaar dat 'n oplossing gevind kan word slegs deur pryse kunsmatig te verander. Ons kan Suid-Afrika nie ryk maak deur slegs die wisselkoers te laat depresieer, of deur rentekoerse te verlaag, of lone te verhoog of deur die skepping van meer inflasie nie. Werklike welvaart kom tot stand deur harde werk, groter doeltreffendheid, verhoogde produktiwiteit en deur meer mededingend as ander lande te wees. Werklike welvaart kan slegs oor dekades en nie binne enkele jare nie geskep word, en enige standhoudende proses van ekonomiese ontwikkeling kan slegs in omstandighede van algehele sosiale, politieke, finansiële en ekonomiese stabiliteit gehandhaaf word.

Teen hierdie agtergrond het die Reserwebank geen ander keuse nie as om voort te gaan met die nastrewing van sy doelwitte vir die handhawing van 'n algeheel bestendige finansiële omgewing, gerugsteun deur gesonde

"Suid-Afrikaners moet nou ook die volgende taak, dit wil sê van ekonomiese heropbou en ontwikkeling, in dieselfde gees aanpak. Ons moet die spel speel met die wil om te wen."

"Werklike welvaart kom tot stand deur harde werk, groter doeltreffendheid, verhoogde produktiwiteit en deur meer mededingend as ander lande te wees."

en goedbestuurde finansiële instellings wat in doeltreffende en betroubare finansiële markte funksioneer. Dit moet steeds in die jare wat voorlê die hoeksteen van monetêre beleid in Suid-Afrika bly."

In antwoord op 'n vraag van 'n aandeelhouer, meld die voorsitter dat hy die bevindinge steun van 'n studie deur die Departement Ekonomie van die Reserwebank waarin tot die gevolgtrekking geraak is dat Suid-Afrika hom tans nie in 'n sogenaamde "skuldlokval" bevind nie. Die gevaar om in so 'n situasie te beland, is egter groot indien die staatskuld aanhou om teen die huidige tempo te styg.

Na afloop van sy rede stel die voorsitter voor dat die finansiële state en die verslae van die direkteure en ouditeure aanvaar word. Die voorstel word deur mnr A. A. Noëth gesekondeer en deur die vergadering aanvaar.

Op voorstel van die voorsitter, gesekondeer deur mnr M. H. Vosloo, word mnr I. J. Moolman ('n regeringsverteenwoordiger wie se ampstermyn op 30 Junie 1994 verstryk het), ooreenkomstig artikel 6(1)(b) van die Wet op die Suid-Afrikaanse Reserwebank, Wet No. 90 van 1989, met ingang van 1 Julie 1994 tot 30 Junie 1995 as aandeelhoudersverteenwoordiger vir die onverstreke gedeelte van adv C. H. Wiese se termyn (wat met ingang van 18 April 1994 as lid van die Raad bedank het), verkies.

Op voorstel van die voorsitter, gesekondeer deur dr L. A. Porter, word dr J. G. van der Horst en mnr W. F. de la Harpe Beck, wie se ampstermyne op die Raad op 30 Junie 1994 verstryk het, as verteenwoordigers van aandeelhouders op die Raad van direkteure herkies.

Namens die Raad stel die voorsitter vervolgens voor:

- dat die firma Coopers & Lybrand en die firma Deloitte & Touche elk die bedrag van R329 596,80 betaal word vir die audit van die Bank se rekeninge vir die jaar geëindig 31 Maart 1994.

Die voorstel word deur mnr J. J. Fourie gesekondeer en deur die vergadering aanvaar.

- dat die firma Deloitte & Touche en die firma Coopers & Lybrand heraangestel word om die Bank se rekeninge vir die finansiële jaar 1994/95 te audit.

Die voorstel word deur dr D. Konar gesekondeer en deur die vergadering aanvaar.

Mnr B. J. Swart stel 'n mosie van dank voor aan die voorsitter vir sy voorsitterskap en rede.

Die verrigtinge word hierna afgesluit.

**VERSLAG VAN DIE RAAD VAN DIREKTEURE VAN DIE
SUID-AFRIKAANSE RESERWEBANK VIR DIE JAAR
GEËINDIG 31 MAART 1994 TER VOORLEGGING AAN
DIE AANDEELHOUERS OP DIE VIER-EN-SEWENTIGSTE
GEWONE ALGEMENE VERGADERING WAT OP
DINSdag, 23 AUGUSTUS 1994 TE PRETORIA GEHOU IS**

Ooreenkomstig die bepalings van die Wet op die Suid-Afrikaanse Reserwebank, No. 90 van 1989, en die regulasies wat ingevolge daarvan opgestel is, word die bygaande finansiële state van die Bank vir die jaar geëindig 31 Maart 1994, wat op die voorgeskrewe wyse deur die ouditeure nagegaan is, aan die aandeelhouders voorgelê.

Kapitaal

Die Bank se kapitaal van R2 miljoen op 31 Maart 1994 is gehou deur 671 aandeelhouders, waarvan 57,8 persent elk minder as R1 000 besit het.

Reserwefonds

Ingevolge die bepalings van artikel 24 van die Wet op die Suid-Afrikaanse Reserwebank, Wet No. 90 van 1989, is R14,9 miljoen van die netto wins vir die jaar aan die reserwefonds toegewys, as gevolg waarvan die saldo op hierdie reserwefonds tot R129,6 miljoen op 31 Maart 1994 gestyg het.

Note en munte in omloop

Die Bank se nootuitgifte het op 31 Maart 1994 R14 144 miljoen beloop, wat 'n toename van 15,4 persent oor die jaar verteenwoordig, vergeleke met 'n styging van 13,6 persent vir die vorige jaar. Die Bank se muntuitgifte het op 31 Maart 1994 R903 miljoen beloop. Dit verteenwoordig 'n verandering in die rekeningkundige beleid, aangesien die verpligting ten opsigte van munte in omloop nie in vorige jare in die Bank se balansstaat verskyn het nie. Sedert 1 April 1993 word munte vanaf die Suid-Afrikaanse Muntmaatskappy (Eiendoms) Beperk aangekoop en deur die Bank in omloop geplaas.

Die Bank se verpligting ten opsigte van note deur ander banke uitgereik, het gedurende die jaar geen verandering getoon nie en het op 31 Maart 1994 R0,4 miljoen bedra.

Depositorekeninge

Totale deposito's by die Bank het gedurende die jaar van R7 260 miljoen op 31 Maart 1993 na R3 702 miljoen op 31 Maart 1994 afgeneem, dit wil sê met R3 558 miljoen of 49,0 persent. Die saldo op die Regering se lopende

rekeninge het met R3 438 miljoen afgeneem, hoofsaaklik as gevolg van die instelling van belasting- en leningrekeninge by die private banksektor. Die saldo op die depositorekeninge van die banke het met R765 miljoen verminder, terwyl ander lopende rekeninge met R645 miljoen toegeneem het.

Ander laste

Ander laste het gedurende die jaar met R5 950 miljoen toegeneem, naamlik van R5 808 miljoen aan die einde van Maart 1993 tot R11 758 miljoen aan die einde van Maart 1994. Die hoofredes vir die toename is 'n toename in buitelandse lenings van R2 921 miljoen en 'n trekking deur die Regering van 'n IMF-fasiliteit van R2 762 miljoen.

Goudruilooreenkomste

Goud aangewend vir goudruilooreenkomste het gedurende die jaar van 7,9 miljoen fyn onse na 3,3 miljoen fyn onse verminder.

Goudmunt en staafgoud

Die Bank se goudreserwes is op 31 Maart 1994 en 31 Maart 1993 teen onderskeidelik R1 218,23 en R953,03 per fyn ons gewaardeer. Hierdie pryse is bepaal ooreenkomstig artikel 25(1) van die Wet op die Suid-Afrikaanse Reserwebank, No. 90 van 1989, en is bereken teen 90 persent van die gemiddelde van die laaste tien goudvasstellings op die Londense goudmark gedurende genoemde maande. Teen hierdie waarderingspryse het die goudbesit soos op genoemde datums op onderskeidelik R5 895 miljoen en R5 206 miljoen te staan gekom. Die herwaarderingsstransaksies gedurende die jaar is ooreenkomstig artikel 25(3) van die voorgemelde Wet in die Bank se rekeninge geboekstaaf. Die goudvoorraad het met 0,7 miljoen fyn onse, van 5,5 miljoen fyn onse op 31 Maart 1993 tot 4,8 miljoen fyn onse op 31 Maart 1994, afgeneem.

Buitelandse valuta

Hierdie pos wat die Bank se besit aan buitelandse valuta uitgesonderd die goudbesit verteenwoordig, het op 31 Maart 1994 R2 039 miljoen bedra, vergeleke met R2 274 miljoen op 31 Maart 1993.

Totale goud- en buitelandse valuta

Die totale buitelandse reserwes, insluitende goud het op 31 Maart 1994 R7 934 miljoen bedra, vergeleke met R7 480 miljoen op 31 Maart 1993.

Akkommodasie aan banke

Akkommodasie aan banke het R5 314 miljoen op 31 Maart 1994 teenoor R3 852 miljoen die vorige jaar beloop. Die toename was die gevolg van strammer toestande wat gedurende Maart 1994 as in Maart 1993 in die geldmark ondervind is.

Lenings en voorskotte

Die saldo op hierdie rekening het op 31 Maart 1994 R1 689 miljoen bedra, wat R130 miljoen meer was as die saldo van R1 559 miljoen op 31 Maart 1993. Hierdie toename was hoofsaaklik die gevolg van 'n toename in plaaslike lenings toegestaan.

Binnelands geregistreeerde effekte

Die saldo op hierdie rekening op 31 Maart 1994 was R8 977 miljoen, vergeleke met R525 miljoen soos aan die einde van Maart 1993. Die toename is hoofsaaklik die gevolg van die uitreiking aan die Bank deur die Regering van R7 500 miljoen zero-koepoon effekte ter gedeeltelike aflossing van die saldo op die goud- en- buitelandsevalutagebeurlikheidsreserwerekening.

Ander beleggings

Ander beleggings het op 31 Maart 1994 R1 140 miljoen bedra – R593 miljoen meer as die vergelykbare saldo op 31 Maart 1993. Die toename was die netto gevolg van 'n toename van R1 miljard in beleggings in Landbank-promesses en 'n afname van R403 miljoen in terugkooporeenkomste.

Ander bates

Ander bates het gedurende die finansiële jaar met R5 893 miljoen tot R5 584 miljoen op 31 Maart 1994 afgeneem. Die grootste komponent van hierdie saldo was die goud-en-buitelandsevalutagebeurlikheidsreserwerekening, wat deur die Bank vir die rekening van die Tesourie geadministreer word. Die saldo op hierdie rekening het van R8 934 miljoen op 31 Maart 1993 tot R2 190 miljoen aan die einde van die huidige boekjaar afgeneem, as gevolg van die uitreiking van R7 500 miljoen se zero-koepoon effekte waarna reeds hierbo verwys is.

Vaste eiendom en ander vaste bates

Albei hierdie rekeninge het aan die einde van die finansiële jaar nul-saldo's getoon, aangesien alle aankope van vaste bates gedurende die jaar in ooreenstemming met die Bank se rekeningkundige beleid afgeskryf is.

Inkomstestaat

Ná alle uitgawes en voorsiening vir inkomstebelasting en ander verpligtings en gebeurlikhede gemaak is, het die netto wins R149,0 miljoen bedra. Van hierdie bedrag is R0,2 miljoen as dividende aan aandeelhouders betaal, terwyl R14,9 miljoen, gelykstaande aan een-tiende van die oorskot ná dividende, na die reserwefonds oorgeplaas is. Dit het 'n restant van R133,9 miljoen gelaat vir oorbetaling aan die Regering.

Dividende

Die Raad het 'n tussentydse dividend van 5 persent vir die halfjaar geëindig 30 September 1993, en 'n soortgelyke finale dividend vir die halfjaar geëindig 31 Maart 1994, verklaar.

Direkteure

Die volgende veranderings het gedurende die afgelope finansiële jaar in die Raad van direkteure plaasgevind:

Die ampstermyn van prof O.E.H.M. Nxumalo, 'n regeringsverteenvoordiger, het op 30 November 1993 verstryk.

Adv C.H. Wiese, wie se ampstermyn op 30 Junie 1995 sou verstryk, het met ingang van 18 April 1994 as lid van die Raad bedank. Ooreenkomstig artikel 6(1)(b) van die Wet op die Suid-Afrikaanse Reserwebank, Wet No. 90 van 1989, het die Raad mnr I.J. Moolman ('n regeringsverteenvoordiger wie se ampstermyn op 30 Junie 1994 verstryk het), met ingang van 1 Julie 1994 vir die onverstreke gedeelte van adv Wiese se ampstermyn as aandeelhoudersverteenvoordiger aangestel. Aandeelhouders sal versoek word om hierdie aanstelling te bekragtig.

Dit beteken dat daar tans twee vakatures vir regeringsverteenvoordigers op die Raad bestaan.

Dr J.G. van der Horst en mnr W.F. de la Harpe Beck, wie se termyne as aandeelhoudersverteenvoordigers op die Raad op 30 Junie 1994 verstryk het, stel hulself vir herverkiesing beskikbaar.

Ouditeure

Die aandeelhouders sal versoek word om op aanbeveling van die Raad die vergoeding van die ouditeure vir die afgelope jaar se audit vas te stel, en om ouditeure vir die 1994/95-finansiële jaar aan te stel.

R.M. du Plooy

Sekretaris

C.L. Stals

President

B.P. Groenewald

J. J. Fourie

J.G. van der Horst

Direkteure

Pretoria

23 Julie 1994

SUID - AFRIKAANSE RESERWEBANK

BALANSSTAAT SOOS OP 31 MAART 1994

Kapitaal aangewend

	Aantekeninge	1994 R'000	1993 R'000
Kapitaal		2 000	2 000
Reserwefonds		129 647	114 769
Note en munte in omloop	3	15 046 982	12 255 402
Depositorekeninge	4	3 702 348	7 260 273
Ander laste	5	11 757 982	5 807 879
		30 638 959	25 440 323

Aanwending van kapitaal

Totale goud- en buitelandse valuta		7 933 870	7 479 722
Goudmunt en staafgoud	6	5 895 130	5 205 741
Buitelandse valuta	7	2 038 740	2 273 981
Binnelandse bates		22 705 089	17 960 601
Akkommodasie aan banke		5 314 174	3 852 160
Lenings en voorskotte	8	1 689 175	1 559 402
Beleggings:			
Binnelands geregistreerde effekte		8 977 145	524 694
Ander	9	1 140 370	547 268
Ander bates	10	5 584 225	11 477 077
		30 638 959	25 440 323

SUID-AFRIKAANSE RESERWEBANK

INKOMSTESTAAT VIR DIE JAAR GEËINDIG 31 MAART 1994

	1994	1993
	R'000	R'000
Netto inkomste ná voorsiening vir belasting, ander verpligtings en gebeurlikhede	148 978	214 643
Dividende	200	200
Oorskot vir verdeling	148 778	214 443
Oordrag na reserwefonds	14 878	21 444
Oorskot betaalbaar aan die Regering	133 900	192 999

R.M. du Plooy
Sekretaris

C.L. Stals
President

B.P. Groenewald
J. J. Fourie
J.G. van der Horst
Direkteure

Pretoria
23 Julie 1994

VERSLAG VAN DIE ONAFHANKLIKE OUDITEURE

Aan die aandeelhouders van die Suid-Afrikaanse Reserwebank

Ons het die finansiële jaarstate uiteengesit op bladsye 32 tot 36 geouditeer. Hierdie finansiële state is die verantwoordelikheid van die Bank se direkteure. Dit is ons verantwoordelikheid om oor hierdie finansiële state verslag te doen.

Ons het ons audit ooreenkomstig algemeen aanvaarde auditstandaarde uitgevoer. Hierdie standaard vereis dat ons die audit beplan en uitvoer om redelike versekering te verkry dat in alle wesenlike aangeleenthede, redelike openbaarmaking in die finansiële state geskied. 'n Audit behels 'n evaluering van die toepaslikheid van die rekeningkundige beleid, 'n ondersoek op 'n toetsgrondslag van bewyse wat die bedrae en openbaarmaking wat by die finansiële state ingesluit is steun, 'n beoordeling van die redelikheid van beduidende ramings en oorweging van die toepaslikheid van die algehele aanbieding van die finansiële state. Ons is van mening dat ons auditprosedures in die omstandighede paslik was om ons mening, wat hieronder weergegee word, uit te spreek.

Na ons mening word die finansiële toestand van die Bank op 31 Maart 1994, en die resultate van sy bedrywighede vir die jaar geëindig op daardie datum, redelik weergegee deur genoemde state op die wyse deur die Wet op die Suid-Afrikaanse Reserwebank, No. 90 van 1989, en die regulasies vereis.

Deloitte en Touche

Coopers en Lybrand

Gesamentlike ouditeure

Pretoria
23 Julie 1994

**AANTEKENINGE TOT DIE FINANSIËLE STATE
OP 31 MAART 1994**

1. Rekeningkundige beleid

Die belangrikste rekeningkundige beleidstoepassings van die Bank, wat ooreenstem met dié toegepas in die vorige jaar (behalwe waar anders aangedui), is:

1.1 Waardevermindering

Vaste eiendom en ander vaste bates word afgeskryf teen die vaste eiendom- en toerustingsreserwe in die jaar van aankoop.

1.2 Beleggings

Binnelands geregistreerde effekte en verwante afgeleide finansiële instrumente word teen redelike markwaarde gewaardeer. Voorheen is dit teen kosprys getoon na aftrekking van 'n beleggingsreserwe.

Ander beleggings word teen kosprys getoon.

1.3 Goudmunt en staafgoud

Goudmunt en staafgoud word waardeer teen 90 persent van die gemiddelde van die laaste tien goudvasstellingspryse op die Londense goudmark voor die jaareinde.

1.4 Munte in omloop

Munte in omloop word met ingang van 1 April 1993 as 'n verpligting op die Suid-Afrikaanse Reserwebank se balansstaat getoon. Munte is voorheen deur die Suid-Afrikaanse Muntmaatskappy (Eiendoms) Beperk in omloop geplaas. Die Suid-Afrikaanse Reserwebank koop vanaf die huidige jaar munte van die Suid-Afrikaanse Muntmaatskappy (Eiendoms) Beperk, waarna dit deur die Bank uitgereik word. Die invloed op die Bank se inkomstestaar vir die huidige boekjaar was om die netto inkomste na belasting met R65 miljoen te verminder.

2. Voorwaardelike aanspreeklikhede

Daar bestaan termynverpligtinge ten opsigte van goudruilooreenkomste en opsietransaksies.

3. Note en munte in omloop

	1994	1993
	R'000	R'000
Note	14 143 619	12 255 402
Reserwebank	14 143 246	12 255 029
Ander banke	373	373
Munte (aantekening 1.4)	903 363	—
	15 046 982	12 255 402

4. Depositorekeninge

Banke se reserwerekeninge	1 586 723	2 418 781
Banke se lopende rekeninge	82 201	15 362
Regering se lopende rekeninge	1 315 194	4 752 825
Ander lopende rekeninge	718 230	73 305
	3 702 348	7 260 273

5. Ander laste

Aandeelhouders – finale dividend	100	100
Oorskot betaalbaar aan die Regering	133 900	192 999
Ander	11 623 982	5 614 780
	11 757 982	5 807 879

6. Goudmunt en staafgoud

Die goudreserwes is soos volg waardeer:

Prysvasstelling soos per aantekening 1.3	R1 218,23	R953,03
Goudbesit in fyn onse	4 839 094	5 462 305
Totale waarde	5 895 130	5 205 741

7. Buitelandse valuta

Lopende rekeninge	360 646	81 616
Termyndeposito's	1 420 719	1 568 446
Korttermynbeleggings	0	233 289
Saldo's by buitelandse banke	1 781 365	1 883 351
Buitelandse geldmarkbeleggings	30 190	3 936
Wissels	0	190 946
Spesiale trekkingsregte	64 920	445
Ander beleggings	145 275	189 411
Opgeloopte rente	16 990	5 892
	2 038 740	2 273 981

	1994 R'000	1993 R'000
8. Lenings en voorskotte		
Buitelandse lenings toegestaan	1 410 549	1 441 034
Binnelandse lenings toegestaan	278 308	38 777
Oortrokkerekening-fasiliteite	318	79 591
	<u>1 689 175</u>	<u>1 559 402</u>
9. Ander beleggings		
Filiaalmaatskappye	123 000	123 000
Terugkoopoooreenkomste	0	402 900
Landbankpromesses	1 000 000	0
Opsies gekoop	150 540	104 928
Opsies geskryf	(135 195)	(83 545)
Ander	2 025	2 025
Beleggingsreserwe	0	(2 040)
	<u>1 140 370</u>	<u>547 268</u>
10. Ander bates		
Goud-en-buitelandsevaluta-gebeurlikheidsreserwerekening	2 190 338	8 933 735
Ander	3 393 887	2 543 342
	<u>5 584 225</u>	<u>11 477 077</u>